

SIMPOSIUM : MIKOTOKSIKOSE — SYMPOSIUM : MYCOTOXICOSIS

DR. F. W. QUASS: *Openingsrede—Opening Address**

Ons is baie in ons skik dat die Departement Landbou-
tegniese Dienste met ons saamgespan het om hierdie
simposium te reël. Die algemene belangstelling lê in miko-
toksikose se moontlike nadelige uitwerking op, ten eerste,
die gesondheid van mens en dier en, tweedens, ons land-
bou-ekonomie. Die program vir die bekamping van hierdie
bedreiging is egter uitgebreid en het baie fasette; die
belangrikste aspekte, nl. vasstelling van die omvang van
die probleem, navorsing, en beheer- en voorsorgs-maatreëls
sal gedurende die simposium behandel word.

Ek wil dit dan baie sterk beklemtoon dat niemand 'n
volledige en gebalanseerde beeld van die probleem van
mikotoksikose sal verkry tensy hy nie die hele simposium
volg nie. Die referate is komplementêr en aanvullend tot
mekaar.

Met die vorige simposium van die Nasionale Voeding-
navorsingsinstituut in November 1964 het ek, as voorsitter,
'n keer die stelling gemaak dat die WNNR as *nasionale*
navorsingsorganisasie verplig is om alle resultate en inlig-
ting op die een of ander tydstip te publiseer—en 'n vol-
gende keer het ek dit gestel dat dit soms die plig van die
WNNR is om die verspreiding van inligting doelbewus te
onderdruk.

Vandag is ek in die geleentheid gestel om u voorbeelde
van hierdie oënskynlike teenstrydighede te gee.

Op 19 Februarie 1957 het ek—as Direkteur, NVNI—
geskryf aan die Departemente van Voeding en Landbou
en gemeld (1) dat 'n ondersoek van Suid-Afrikaanse
mielies en mielie-meelsoorte wat vir menslike gebruik
bestem was, aan die lig gebring het dat totale kiemtellings
honderdvoudig hoër voorgekom het as wat volgens oorsese
maksimale standarde toelaatbaar is; (2) dat 'ons . . . 'n
soortgelyke onrusbarende bakteriologiese beeld by die
land se ander graan- en bone-oeste . . . verwag'; (3) dat
die NVNI nie noodwendig die enigste of aangewese liggaam
is om die ondersoek te onderneem . . . nie, maar . . .
dat . . . dit gebiedend noodsaaklik in die nasionale belang
. . . is . . . dat dit sonder versuim deur die een of ander
instansie aangepak word.'

Die betrokke 'owerhede' het veral mediese deskundiges
geraadpleeg wat aangevoer het (i) dat die mielie 'n grond-
produk en dus 'deurweek' met die mikro-organismes
van die grond is; (ii) dat om gedurig te verwys na *mikro-
biologiese besmetting* van die graan 'onsinnig' is; (iii) dat
nog geen ernstige of epidemiese voedselvergiftiging of
ander siektetoestande aan graan- of boneprodukte toege-
skrywe kan word nie, en (iv) 'dat medies-bakteriologies
. . . (word) . . . dit . . . beskou as 'n heeltemal nietige
aangeleentheid wat glad nie die koste van die ondersoek of
aanbevelings regverdig nie'.

Ek wil dan hier noem dat dr. J. P. van der Walt die
enigste geraadpleegde deskundige is wat ons destyds

gesteun het en toentertyd die standpunt van die medici
as 'onoordeelkundig en onverantwoordelik' bestempel het.
Hoe waar tog!

Vandag sal hier ook geneeshere getuig of daar wel in
Suid-Afrika siektetoestande heers wat moontlik aan die
besmetting van ons graangewasoeeste toegeskryf mag word.

Ten spyte van hierdie ontmoediging het ons op be-
perkte skaal en met ontoereikende fondse met ons onder-
soeke voortgegaan totdat die WNNR in 1960 die 'deur-
braak' t.o.v. aflatoksien gemaak het. En toe was die
gort gaar, veral aangesien aflatoksien op daardie stadium
ook op internasionale vlak ter sprake gekom het.

Maar oor al die jare—vanaf Februarie 1957—het ons
hierdie kennis en ons bedenkinge slegs in uifers beperkte
kringe bekendgemaak. Hierdie *onderdrukking van kennis*
was o.i. geregverdig en wenslik in die nasionale belang.
Net so is die *bekendstelling van ons kennis* oor die miko-
toksikose tans in die nasionale belang geregverdig en
wenslik.

Gerusstelling

Op hierdie stadium het onvolledige inligting en halwe
waarhede tot die pers en publiek deurgesypel en kan ons
vandag en gedurende die voortsetting van hierdie twee-
daagse simposium die publiek gerusstel i.v.m. die volgende
aspekte:

(a) Dat die Republiek se kennis van die mikotoksikose
nie oortref word deur enige ander land s'n nie;

(b) Dat vir soverre dit grondbone betref, voorsorg- en
beheermaatreëls ingestel is op landboukundige en nywer-
heidsgebiede om enige nadelige uitwerking van die miko-
toksikose te kan vasstel, of uit te skakel, of te verminder,
of te beheer; en

(c) Dat wetgewing reeds ingestel is om die gesondheid
van mens en dier in hierdie verband te beskerm en om
landbouprodukte vir plaaslike en oorsese gebruik i.h.v. te
keur en te beheer.

Ter opsomming kan dus gesê word dat alles tot op hier-
die stadium in Suid-Afrika onder beheer is.

Of hierdie gunstige posisie in Suid-Afrika gehandhaaf
kan word, is vir my twyfelagtig daar die Tesourie vol-
doende fondse om die nodige opvolgende navorsing en
studies uit te voer aan die WNNR en die SAMNI geweier
het.

Dr. Craib

Since its establishment the CSIR has been actively
concerned—at the express wish of the Government—in the
prosecution and development of research in the medical
sciences in South Africa and it has become the chief
organizer for such work.

Until May 1963, the Council was guided and advised on
medical research by Prof. S. F. Oosthuizen, President of
the South African Medical and Dental Council, in an
honorary capacity, assisted by 2 honorary associate ad-
visers, Prof. J. Barnetson and Dr. R. Alexander, and the
administrative services of Mr. Murray Baxter.

However, the expansion of medical research in recent
years has been so rapid that the Council appointed Dr.

*Gelewer in Pretoria op 25 Februarie 1965 tydens die simpo-
sium oor mikotoksikose, gesamentlik gereël deur die Nasio-
nale Voedingnavorsingsinstituut en die Departement van
Landbou- en Landbou-ekonomie. Delivered in Pretoria on 25 Febru-
ary 1965 at the symposium on mycotoxigenesis held jointly by
the National Nutrition Research Institute and the Depart-
ment of Agricultural Technical Services.

W. H. Craib as full-time Associate Adviser on Medical Research in order to assist Prof. Oosthuizen and the 2 part-time Associate Advisers.

Dr. Craib took a science degree at the South African College of Cape Town in 1914 while on military service. He served under General Botha in the South West Campaign, and as a field gunner and trench mortar officer from 1915 - 1919 in France, where he was awarded an M.C. and bar.

He subsequently qualified in medicine from Caius College, Cambridge, and Guy's Hospital, London, where he was awarded a Rockefeller Fellowship for research at the Johns Hopkins University and Medical School, Baltimore. Thereafter he worked under the Medical Research Council in the laboratory of Sir Thomas Lewis at University College, London. His research work led to new concepts in the interpretation of the electrical field surrounding active heart muscle.

Dr. Craib held the Chair of Medicine at the Witwatersrand University some years ago. During the last war he held the post of Consultant in Medicine to the South African Forces.

I think the Council really excelled in appointing him as medical adviser to the CSIR, thereby securing the services of a specialist in medicine and a specialist in shooting

down unprofitable and unjustified medical and other research projects.

However, there have been few projects which have obtained greater or more enthusiastic support from him than our aflatoxin projects. I would like to quote a paragraph from a letter of Dr. Craib to the President late last year:

'This happens to be a research project of exceptional importance, both to ourselves and to the world at large. It happens to be a project with which we in this country are almost uniquely equipped to deal. The juxtaposition of (1) virus techniques, tissue culture know-how, and advanced cancer studies, in the chromosome changes in cancer cells particularly, at the Polio Research Foundation; (2) the high-powered chemical research facilities, the knowledge of the basic structure of fungal metabolites, and of the enzyme changes, etc. in cancer cells at the National Chemical Research Laboratories; and (3) the advanced studies of the toxicological effects of fungal toxins at the National Nutrition Research Institute, create an opportunity for promising and worth-while research which has a special claim on state support.

'It would moreover, so far as we know, be work in the field of carcinogenesis that is without overlap or replication of research going on elsewhere, whether here or abroad.'